

Hoop begin met gelukkige lewens

Mark Tomlinson

Wêreldgesondheidsdag word elke jaar op 7 April gedenk om bewustheid van gesondheidskwessies regoor die wêreld te verhoog. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is die beskermheer van dié dag, wat die herdenking van die stigting van die WGO in 1948 vier. Die tema van [Wêreldgesondheidsdag 2025](#) is “Gesonde begin, hoopvolle toekoms”. Die spesifieke fokus is om regerings aan te moedig om meer te doen om sterftes van pasgeborenes te voorkom, asook om te verhinder dat sowat 300 000 vroue jaarliks hulle lewe as gevolg van swangerskap en bevalling verloor.

In 1990 het sowat [12 miljoen kinders](#) voor hulle vyfde verjaardag gesterf, waarvan die meeste aan voorkombare siektes. Statistiek kom dit neer op ’n wêreldwye kindersterftesyfer van 9,3% (net meer as nege sterftes vir elke 100 geboortes voor die ouderdom van vyf). In 2021 het hierdie syfer tot ongeveer [5 miljoen sterftes](#) per jaar gedaal (’n kindersterftesyfer van 3,7%). Dit beteken die lewe van [meer as 132 miljoen kinders](#) is in daardie 31 jaar gered. Dit is volgens enige maatstaf een van die merkwaardigste prestasies in die verbetering van globale gesondheid in die afgelope 50 jaar en moet gevier word.

Wat was die redes vir hierdie prestasie? Soos met alle kwessies is daar ’n oorfloed redes wat wissel van die aantal mense wêreldwyd wat uit absolute armoede ontsnap het tot hoogs doeltreffende globale voorspraak wat tot stelselverandering regoor die wêreld gelei het. Die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte (MDG's) (2000-2015) was ’n stel van agt doelwitte wat deur die Verenigde Nasies (VN) gestel is om die lewe van mense wêreldwyd te verbeter. Een van dié doelwitte was om kindersterftes te verminder. Met hierdie raamwerk het regerings, befonders, navorsers en implementeerders kragte saamgesnoer om die probleem aan te pak.

Ofskoon daar teen die einde van die MDG-tydperk ’n toenemende bewustheid was dat die groter oorlewing van kinders wêreldwyd iets was om te vier, het ’n vraag ontstaan: Wat nou? Geen ouer wil net hê hulle kind moet oorleef nie. Alle ouers wil hê hulle kinders moet floreer en hulle ontwikkelingspotensiaal bereik. Miljoene kinders het wel oorleef, maar talle van hulle se lewe is deur uiterste armoede en teëspoed beperk.

In hulle hoogs uitgesproke artikel met die titel “Saving the children for the tobacco industry” het Marck Nichter en Elizabeth Cartwright die vroeë suksesse met kinderoorlewingsprogramme en die groei van die tabakbedryf, omgewingsagteruitgang en die aktiewe bevordering van rook in Afrika, China en ander lande deur die Amerikaanse regering en die tabakbedryf naas mekaar gestel. Is kinders bloot gered om verbruikers van tabak te word en aan die einde van lewe eerder as aan die begin ’n oorlewingsprobleem te ervaar?

Die VN se Globale Strategie vir Vroue-, Kinder- en Adollesente se Gesondheid van 2015 het ’n raamwerk vir reaksie gebied en ’n sterk saak uitgemaak dat kinders nie bloot moet oorleef nie, maar ook moet floreer. In aansluiting hierby vorm die 17 Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (DVO'e) (2015– 2030) ’n gedeelde bloudruk vir vrede en voorspoed.

Waar is ons nou? Met die uitsondering van 'n paar aanwysers gaan die wêreld nie naastenby die SDG's teen 2030 bereik nie. 'n Deel hiervan was van die begin af gedoem, siende dat een van die doelwitte was om armoede in al sy vorms orals (binne 15 jaar) uit te wis. Die Covid-19-pandemie het enige hoop, hoe flou ook al, om selfs die meeste van die SDG's te bereik 'n groot slag toegedien. Wêreldwye gesondheid het volgens enige maatstaf tydens en ná die pandemie vererger. In die laaste jaar of twee was daar 'n paar skrale tekens van herstel, maar toe het Donald Trump in die November-verkiesing in die VSA geseëvier. Hy en sy trawant, Elon Musk, het sedertdien USAid vernietig, aan die WGO onttrek en wêreldwye gesondheidsfinansiering van miljarde dollars gekanselleer. En ondanks sy (baie) foute het USAid miljoene swanger moeders en hulle pasgeborenes in Afrika van 'n moontlike dood gered.

In hierdie tye van onsekerheid en onrus is dit maklik om moedeloos te raak. Ek is getref deur hoeveel mense wat ek ken vir my gesê het hulle kan nie glo ons is nou eers kwartpad deur 2025 nie en dat dit trouens meer soos 'n jaar voel. Hulle het vertel hoe verskriklik moeg hulle is. Trouens, die hele wêreld voel moeg.

Het die “Gesonde begin, hoopvolle toekoms” van Wêreldgesondheidsdag hoegenaamd betekenis in die lig van 'n agtergrond van onsekerheid, van vrees, waar die rykste land in die wêreld (as Kalifornië 'n land was, sou dit die [vyfde grootste ter wêreld](#) gewees het) om een of ander rede voel hulle het nog nie genoeg nie? Mislei ons bloot onself?

Wanneer ek hopeloos voel, wend ek my altyd tot Rebecca Solnit. In haar wonderlike kort boek [Hope in the Dark](#) ontleed sy wat hoop is. Twee aanhalings uit haar boek het my gehelp in tye soos hierdie wanneer ons iets nodig het om aan vas te hou. Die eerste, “Hope is an embrace of the unknown and the unknowable, an alternative to the certainty of both optimists and pessimists”, onderdruk my neiging om 'n donker wolk in elke silwer randjie te sien. Die tweede, “Hope just means another world might be possible, not promised, not guaranteed. Hope calls for action; action is impossible without hope”, het regstreeks op ons huidige situasie betrekking.

As die idioot in die Withuis dit regkry om ons tot aksie aanvuur, sal dit 'n goeie ding wees. Dit beteken veel om dinge vir ons kinders aan die begin van hulle lewe en dan regdeur hulle kinderjare reg te kry, wat dalk net die beste ding is wat ons kan doen.

As ons onself daartoe verbind om nie net te verseker dat vroue nie tydens bevalling sterf of pasgeborenes bloot oorleef nie, maar ook die soort samelewings te skep wat kinders in staat stel om te gedy, sal ons nie net die wonderlikste ding vir ons kinders en ons land doen nie, maar ook die eerste stap doen om onself van afhanklikheid van 'n toenemend wisselvallige Amerika te bevry.

***Prof Mark Tomlinson is die mede-direkteur van die Instituut van Lewensloop-gesondheidsnavorsing aan die Universiteit Stellenbosch.**